

Twee truie
met gebreide
kantkrae

MET KANT



RONDE HALS

BENODIGDHEDE: 250(275; 275; 300) g Lister-Lee Candyfloss (H) (50-g-bolle); 50 g Lister-Lee Baby Love 3-draad (A); een paar elk breinaalde van 2,75 mm, 3,25 mm en 3,75 mm.

MATE: Om borsmaat van 81(86; 91; 97) cm te pas; lengte 56(57; 59; 60) cm; moumaat 43(43; 44; 44) cm.

SPANNING: 26 steke en 36 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 3,25-mm-breinaalde.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); alt - alternatiewe; beg - begin; vermin - verminder; vermeer - vermeerder; tgso - trek glipsteek oor; oorbl - oorblywende; herh - herhaal; gl - glip; ks - koussteek; tes - tesame; gut - garing vorentoe; gon - garing oor naald; grn - garing rondom naald; weersk - weerskante; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; rif - riffelsteek (een regs, een aweregs).

AGTERPANT: Met 2,75-mm-breinaalde en H stel 102(108; 114; 122) ste op. Brei 8 cm rif. **Vlg ry:** Rif 6(9; 7; 7), *vermeer in vlg st, rif 9(9; 10; 11); herh van * tot laaste 6(9; 8; 7) ste, vermeer in vlg st, rif tot einde - 112(118; 124; 132) ste.

Slaan oor na 3,25-mm-breinaalde en ks en brei voort tot werk 31(31; 32; 32) cm lank is vanaf begin, eindig met 'n aw-ry.

Raglanafskuinsing: Heg 3 ste af aan beg van vlg 2 rye. Vermin 1 st aan weersk van vlg en elke daaropvlg 4e ry tot 84(92; 98; 108) ste oorbly, eindig na 'n aw-ry.

Vermin nou 1 st aan weersk van vlg en elke daaropvlg alt ry tot 38(38; 40; 42) ste oorbly, eindig na 'n aw-ry. Heg af.

VOORPANT: Soos agterpant tot 60(60; 62; 64) ste oorbly by raglan, eindig na 'n aw-ry.

Halsvorming: Vlg ry: r2 tes, r 22, draai. Plaas oorbl ste op 'n reserwenaald.

Vermin 1 st aan raglanrand in elke alt ry soos tevore, **terselfdertyd** vermin 1 st aan halsrand in elke ry tot 5 ste oorbly. Hou halsrand reguit, vermin aan raglanrand tot al die ste afgebrei is.

Met RK voor, heg garing by halsrand aan oorbl ste vas, heg 12(12; 14; 16) ste af, r tot laaste 2 ste, r2 tes. Voltooi in ooreenstemming met 1e skouer, al die vormings omgekeerd.

MOUE: Met 3,25-mm-breinaalde en H stel 58(60; 62; 64) ste op. Brei ks, vermeer 1 st aan weersk van elke vlg 7e ry tot 90(92; 94; 98) ste. Brei reguit voort tot mou 35(35; 36; 36) cm lank is, eindig na 'n aw-ry.

Raglanafskuinsing: Heg 3 ste af aan beg van vlg 2 rye. Vermin 1 st aan weersk van vlg en elke daaropvlg 4e ry tot 72(72; 72; 76) ste in gebruik is, eindig na aw-ry.

Vermin 1 st aan weersk van vlg en elke daaropvlg alt ry tot 6 ste oorbly, eindig na 'n aw-ry.

OM DIE HALS

KRAAG MET KANTPATROON: Met 3,75-mm-breinaalde en A stel 41 ste op. Brei voort in patroon.

1e ry: (VK) gl 1, r 2, aw 6, r 10, aw 6, r 3, gvt, grn, r 13.

2e ry: gon, r2 tes, r 11, r in grn, aw in gvt, r 28.

3e ry: gl 1, r 2, aw 6, r 3, r2 tes, gvt, grn, r2 tes, r 3, aw 6, r 18.

4e ry: gon, r2 tes, r 26, r in grn, aw in gvt, r 13.

5e ry: gl 1, r 2, groepeer nou 6 ste s6: aw 6, steek linkernaald in 4e steek op regternaald en trek dit oor eerste 3 ste, trek dan 5e en 6e st oor dieselfde 3 ste, r 1, (r2 tes, gvt, grn, r2 tes) 2 keer, r 1, groepeer 6, r 3, gvt, grn, r2 tes, gvt, grn, r 13.

6e ry: gon, r2 tes, r 11, (r in grn, aw in gvt, r 1) 2 keer, r 2, gvt, r 1, gvt, r 2, gvt, (r 2, r in grn, aw in gvt) 2 keer, r 2, gvt, r 1, gvt, r 2, gvt, r 3.

7e ry: gl 1, r 2, aw 6, r 3, r2 tes, gvt, grn, r2 tes, r 3, aw 6, r 21.

8e ry: gon, r2 tes, r 29, r in grn, aw in gvt, r 13.

9e ry: gl 1, r 2, aw 6, r 1, (r2 tes, gvt, grn, r2 tes) 2 keer, r 1, aw 6, r 3, (gvt, grn, r2 tes) 3 keer, r 12.

10e ry: gon, r2 tes, r 11, r in grn, aw in gvt, (r 1, r in grn, aw in gvt) 2 keer, r 11, r in grn, aw in gvt, r 2, r in grn, aw in gvt, r 11.

11e ry: gl 1, r 2, groepeer 6, r 3, r2 tes, gvt, grn, r2 tes, r 3, groepeer 6, r 24.

12e ry: gon, r2 tes, r 22, gvt, r 1, gvt, r 2, gvt, r 4, r in grn, aw in gvt, r 4, gvt, r 1, gvt, r 2, gvt, r 3.

13e ry: gl 1, r 2, aw 6, r 10, aw 6, r 3, (gvt, grn, r2 tes) 4 keer, r 13.

14e ry: gon, r2 tes, r 12, r in grn, aw in gvt, (r 1, r in grn, aw in gvt) 3 keer, r 28.

15e ry: gl 1, r 2, aw 6, r 10, aw 6, r 28.

16e ry: gon, r2 tes, r 51.

17e ry: gl 1, r 2, groepeer 6, r 10, groepeer 6, r 14, gl 1, steek regternaald in 3e ste van linkernaald en trek oor 1e 2 ste, trek dan vlg 9 ste oor eerste 2 ste op linkernaald soos tevore, r2 tes, tgso, r 1.

18e ry: grn, r2 tes, r 14, gvt, r 1, gvt, r 2, gvt, r 10, gvt, r 1, gvt, r 2, gvt, r 3.

Hierdie 18 rye vorm die patroon en word nog 18 keer herhaal. Heg af.

KANTMOUBOORDJIES (brei 2): Soos kantkraag van V-halstrui, maar herh die 12 patroonrye 8 keer i.p.v. 27 keer.

AFWERKING: Pars volgens aanwysings op papierbandjie van wolverpakking. Werk raglan-, sy- en mounate toe. Werk kort kante van kraag en kort kante van mouboordjies aanmekaar. Werk kraag en mouboordjies in posisie vas, liggies ingeplooi, met kraagnaat in middel van halsrand op agterpant en mouboordjienate by mounaat. Pars nate liggies aan verkeerde kant.

V-HALS

BENODIGDHEDE: 250(275; 275; 300) g Lister-Lee Candyfloss (H) (50-g-bolle); 1 bol Baby Love 3-draad (A) (50 g); een paar elk

RONDE HALS



breinaalde van 2,75 mm, 3,25 mm en 3,75 mm.

MATE: Om borsmaat van 81(86; 91; 97) cm te pas; lengte 56(57; 58; 60) cm; mounaat 43(43; 44; 44) cm.

SPANNING: 26 steke en 36 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 3,25-mm-breinaalde.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); alt - alternatiewe; beg - begin; vermin - verminder; vermeer - vermeerder; tgso - trek glipsteek oor; oorbl - oorblywende; herh - herhaal; gl - glip; ks - koussteek; tes - tesame; gvt - garing vorentoe; gon - garing oor, naald; grn - garing rondom naald; weersk - weerskante; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; rif - riffelsteek (een regs, een awe-regs).

AGTERPANT: Met 2,75-mm-breinaalde en H stel 102(108; 114; 122) ste op. Brei 8 cm rif. **Vlg ry:** Rif 6(9; 7; 7), *vermeer in vlg st, rif 9(9; 10; 11); herh van * tot laaste 6(9; 8; 7)

ste, vermeer in vlg st, rif tot einde - 112(118; 124; 132) ste.

*Slaan oor na 3,25-mm-breinaalde en ks en. brei voort tot werk 36(36; 36; 37) cm lank is, eindig na 'n aw-ry **.

Mousgatvorming: Heg 3 ste af aan beg van vlg 2 rye.

Vermin 1 st aan weersk van vlg 5(7; 9; 9) rye, dan elke alt ry tot 86(93; 92; 98) ste oorbly.

Brei reguit voort tot mousgat 20(21; 22; 23) cm lank is, eindig na 'n aw-ry.

Skouervorming: Heg 8(8; 9; 9) ste af aan beg van vlg 4 rye; 8(9; 8; 10) ste aan beg van vlg 2 rye. Heg oorbl 38(38; 40; 42) ste af.

VOORPANT: Soos agterpant tot **.

Mousgat- en halsvorming: Vlg ry: Heg 3 ste af, brei tot daar 53(56; 59; 63) ste op breinaald is ná afhegting, draai. Plaas oorbl ste op 'n reserwenaald.

Brei 1 ry reguit.

Vermin 1 st aan mousgatrand in vlg 5(7; 9; 9) rye, dan in elke daaropvlg alt ry

MET KANT OM DIE HALS

VAN BLADSY 85

terselfdertyd vermin 1 st aan halsrand in vlg elke daaropvlg 4e tot 39(39; 41; 44) ste oorbly.

Hou mousgatrand reguit, vermin 1 st aan halsrand in elke 3e ry vanaf vorige vermin tot 24(25; 26; 28) ste oorbly.

Brei reguit voort tot werk ooreenstem met agterpant tot by skouer en eindig na 'n aw-ry.

Skouervorming: Heg 8(8; 9; 9) ste af aan beg van vlg en daaropvlg alt ry. Brei 1 ry. Heg oorbl 8(9; 8; 10) ste af.

Met RK voor, heg garing weer by halsrand aan oorbl ste vas, r tot einde. Brei om met eerste kant ooreen te stem, al die vormings

omgekeerd.

MOUE: Met 2,75-mm-breinaalde en H stel 50(52; 54; 56) ste op. Brei 8 cm rif, vermeer 4 ste eweredig gespaseer oor laaste ry — 54(56; 58; 60) ste.

Slaan oor na 3,25-mm-breinaalde en ks en brei voort, vermeer 1 st aan weersk van vlg en elke daaropvlg 8e(8e; 7e; 7e) ry tot 82(86; 90; 94) ste verkry is.

Brei reguit voort tot werk 43(43; 44; 44) cm lank is en eindig na 'n aw-ry.

Moukopvorming: Heg 3 ste af aan beg van vlg 2 rye. Vermin 1 st aan weersk van vlg en elke daaropvlg alt ry tot 20 ste oorbl. Brei 1 ry en heg af.

KRAAG: Met 3,75-mm-breinaalde en A stel 16 ste op en brei in patroon.

1e ry: (RK) gl 1, r 3, gvt, r2 tes, r 1, (gvt, grn, r2 tes) 4 keer, r 1.

2e ry: gon, r2 tes, (r in grn, aw in gvt, r 1) 4 keer, r 2, gvt, r2 tes, r 2.

3e ry: gl 1, r 3, gvt, r2 tes, r 14.

4e ry: gon, r2 tes, r 14, gvt, r2 tes, r 2.

5e ry: gl 1, r 3, gvt, r2 tes, r 1, (gvt, grn, r2 tes)

2 keer, r 9.

6e ry: gon, r2 tes, r 8, (r in grn, aw in gvt, r 1) 2 keer, r 2, gvt, r2 tes, r 2.

7e ry: gl 1, r 3, gvt, r2 tes, r 16.

8e ry: gon, r2 tes, r 16, gvt, r2 tes, r 2.

9e ry: gl 1, r 3, gvt, r2 tes, r 1, (gvt, grn, r2 tes), 3 keer, r 9.

10e ry: gon, r2 tes, r 8, (r in grn, aw in gvt, r 1) 3 keer, r 2, gvt, r2 tes, r 2.

11e ry: gl 1, r 3, gvt, r2 tes, r 19.

12e ry: r2 tes, r 8, steek linkernaald in 2e st op regternaald en trek dié st oor 1e st, trek dan die daaropvlg 7 ste een vir een oor 1e st (1 steek op regternaald), r 11, gvt, r2 tes, r 2.

Dié 12 rye vorm die pat en word nog 27 keer herhaal. Heg af.

AFWERKING: Pars volgens aanwysings op papierbandjie van verpakking. Werk skouer-, sy- en mounate toe. Werk moue in mousgate vas. Werk punte van kraag aanmekaar. Plaas die naat by middelpunt van halsrand op agterpant en werk kraag effens geplooi aan halsrand vas met die meeste volheid by punt van V.

Kafeïenvry Ricoffy.

Jy kan enige tyd van die dag of nag net soveel koppies koffie drink as wat jy wil. Kafeïenvry Ricoffy het al die vars-geper-koleerde koffiesmaak sonder die kafeïen. Koppie na koppie na koppie.

Al die koffiesmaak sonder die kafeïen.

